

SKOOLREËLS IN 'N NEUTEDOP

Algemeen:

Van die leerlinge van ons skool word verwag dat hulle altyd ordelik en gedissiplineerd sal optree. Daarom moet hulle altyd by die volgende reëls hou:

- Leerlinge moet betyds by die skool wees, betyds by buitemuurse aktiwiteite, betyds by skoolfunksies.
- Sodra die klok lui vir die aanvang van die skooldag of om die einde van pouse aan te dui, moet alle spele onmiddellik gestaak word, en vinnig en ordelik na die klasse toe gestap word.
- Geen leerling mag die skoolgrond sonder die toestemming van die hoof verlaat nie. Leerlinge sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat as hulle ouers hulle self by die kantoor uitteken.
- Wanneer die skoolterrein verlaat word, mag dit slegs deur die hoofingang geskied.
- Leerlinge mag nie voor skool, pouses of namiddae op die stoepe of in klaskamers kom nie, behalwe as die weer ongunstig is en hulle toestemming van die onderwyser/es verkry het.
- Soggens moet leerlinge hulle tasse netjies voor hulle klasse op die stoep plaas en dan dadelik die klas en stoep verlaat.
- Geen kind mag op die stoepe hardloop nie. Wanneer leerlinge uit die klaskamer verdaag, moet hulle netjies, stil en regop in gelid stap tot by die volgende klas. By verdaging neem die onderwyser/es sy plek by die deur in om toe te sien dat alles ordelik geskied.
- Die onderwysers langs die trappe (Klasnr. 1, 2, 4, 5, Rekenaarsentrum, Gr. 2-klas en nr. 8) doen diens by die trappe om toe te sien dat leerlinge ordelik beweeg.
- Wanneer leerlinge van klasse verwissel, geld die algemene reël: "Hou links". Die tasse word ook in die linkerhand gedra. Leerlinge moet stil en in gelid stap en so voor die volgende klas wag totdat verlof gegee word om in te stap.
- Leerlinge mag nie in kleedkamers speel of daar rondrentel nie. Hou hierdie plekke besonder netjies.
- Leerlinge mag nie in bome klouter of plante vernietig nie.
- Groter leerlinge mag nie in die spele van kleineres inmeng of hulle pla nie.
- Hou die speelgrond vry van alle papiere, skille of stukke kos. Maak gebruik van die asblikke wat op strategiese plekke geplaas is.
- Pas alle boeke, skryfgereedskap ens. baie goed op. Trek alle boeke netjies volgens voorskrif oor.
- Slegs een leerling mag op 'n keer die klaskamer verlaat en moet so gou as moontlik na die klas terugkeer, of hulle mag in 'n algemene groep gaan, onder toesig.
- Niemand mag met sy hande in sy sakke loop nie.
- Niemand mag te enige tyd sonder die teenwoordigheid van 'n onderwyser/es in die bus wees nie.
- Elke leerling is verantwoordelik vir sy eie bank en vloerruimte.
- Leerlinge moet onberispelik skoon en netjies wees. Onderwysers moet let op hande, hare en naels.
- Leerlinge moet absoluut beleefd wees teenoor hul maats, onderwysers, volwassenes en behoorlik groet.
- Rekkers, waterpistole, geraasmakers, stinkbomme, sakmesse, ander gevaarlike speelgoed sowel as elektroniese speelgoed, selfone ens. word nie by die skool toegelaat nie.
- Swak taal, baklei, lelike gesprekke, leuens, bedrog, swak gedrag, nalatigheid, laat kom, slordigheid, ens. sal in 'n ernstige lig beskou word.
- Wanneer 'n leerling afwesig was, moet 'n briefie deur die ouer (1 – 2 dae afwesig) of mediese sertifikaat (3 of meer dae) ingehandig word. Die onderwyser sal al sodanige briewe liasseer volgens departementele voorskrifte.
- 'n Brief van die dokter word ook vereis indien 'n leerling nie liggaamsopvoeding/sport mag doen nie!
- Afwesighede tydens toetse en eksamens kan alleenlik aanvaar word, indien 'n doktersertifikaat ingehandig word. Waar ander redes geld, moet ouers asseblief met die Hoof skakel, indien moontlik vooraf [bv. begrafnis, ens.]
- Onder alle omstandighede bly ons altyd lojaal aan ons skool en probeer om nuwe leerlinge by ons tuis te laat voel.
- Kinders moet te alle tye bedagsaam wees teenoor ouer mense en ook anderskleuriges.
- Leerlinge mag slegs op die afgebakende speelterrein speel.
- Gevaarlike speletjies is verbode.
- Daar mag op geen walle of terrasse gespeel word.
- Geen speelgoed of sporttoerusting word in die klasse toegelaat nie.
- Daar moet te alle tye streng by die voorgeskrewe skooldrag gehou word.

Pouse:

- Juniors [Gr. 1 – 3] en seniors [Gr. 4 – 7] het aparte speelterreine. Speel binne die gebied aan julle toegesê. Meng nie met ander kinders se spele in nie. Juniors mag nie by die seniors speel nie en seniors mag nie by die juniors speel nie.
(Juniors: Speel op die grasperk en klimraam voor die skool en langs Gr. 1-klas en op die netbalvelde langs die tennisbane; Seniors: Leerders mag slegs op die rugbyveld (seuns) en netbalbane (meisies) speel. Leerders mag op die pawiljoene sit, maar nie op die pawiljoene rondhardloop en speel nie.)
- Soggens tydens “Religionsunterricht”, mag geen leerling op die stoepe, pawiljoen, netbalbane of binnetuin speel nie.
- Die oomblik as die klok na pouse lui, moet leerlinge onmiddellik na hulle klaskamer beweeg.
- Gooi niks na ander nie.
- Hardloop nie om draaie nie.
- Katterigheid! Afknouery word onder GEEN omstandighede toegelaat nie, veral nie seniors wat juniors fisies of geestelik afknou nie. Bakleiery word ook nie toegelaat nie. Daar is ander erkende maniere om ’n geskil of probleem op te los.
- Seuns is hoflik teenoor die dogters.
- Mors nie water - of speel in water nie.
- Gevaarlike speletjies en speelgoed (sakmesse/messe/klappers, gevaarlike voorwerpe, rekkers, waterpistole, geraasmakers, stinkbomme, ens.) is streng verbode.
- Grawe van gate op rugbyveld / netbalbane / krieketblad is ontoelaatbaar
- Niemand mag tydens pouse in die klasse, saal of op die stoepe wees nie of by die krieketnette speel nie. Niemand mag in die blombakke voor die klaskamers of in enige beddings speel nie.
- Niemand mag tydens pouse die skoolterrein verlaat of met vreemde persone praat nie.
- Slegs die Junior Primêre Fase (6 – 9jaar) mag op die klouterrame en swaaie speel.
- Geen lekkernye, d.w.s. lekkers, skyfies, koekies, kougom, ens. mag geëet word nie!
- Geen skoolskoene op tennisbane nie!
- Geen grimering mag gedra word as gewone klere skool toe gedra mag word nie. Ook geen vreemde haarsnitte ens. nie.

Skooldrag:

Daar moet te alle tye streng by die voorgeskrewe skooldrag gehou word. Indien 'n leerder sy skoolklere aan het, moet hy alle skoolreëls en gedragreëls nakom selfs al het hy/sy die skoolterrein verlaat. Skooldrag moet altyd skoon en netjies gehou word. Onderwysers moet let op leerlinge se hare, naels en by die dogters die lengte van skoolrokke. Hemde mag nie uithang nie.

Skooldrag is VERPLIGTEND met formele uitstappies na Maatskappye, opvoerings, ens.

Van leerlinge word verwag om te alle tye die welvoeglikheidsreëls ten opsigte van seun / dogter houdings te handhaaf.

Seuns:

- Wit kortmouhemp met skoolwapen op sak - somer
- Langmouhemp winter
- Hemp netjies ingestek
- Skoolskoene: sonder dik, hoë sole, gespes en klinknaels
- Grys kouse
- Grys langbroek – winter
- Grys kortbroek – somer
- Swart skooltrui of swart skoolbaadjie

Meisies:

- Rooi skoolrok - romp mag nie korter as 5cm bo die knie wees nie.
- Wit hemp – kortmou – somersdrag (langmou – wintersdrag)
- Langbroek – grys (winter)
- Wit skoolsokkies met rooi en swart strepe (by skool verkrygbaar)
- Swart skooltrui of swart skoolbaadjie

Sportdrag:

Seuns: - Atletiekdrag soos voorgeskryf. Hemde mag nie uithang nie.

Meisies: - Atletiekdrag soos voorgeskryf. Hemde mag nie uithang nie.

Juwele:

Geen tongringe & oogringe & neusringe, ens. nie. Leerlinge mag geen ringe, armbande of hangertjies dra nie. - Dogters mag 'n seëlring dra.

Kettinkies met mediese voorskrifte word toegelaat.

Dogters wat gaatjies in die ore het, mag een dun goue of silwer ringetjie met 'n maksimum deursnit van 1,5 cm. in elke oor dra, of 'n knoppie met 'n maksimum deursnit van 5mm in elke oor. Slegs EEN knoppie per oor word toegelaat. Goue of silwer knoppies word toegelaat - GEEN knoppies met 'n gekleurde juweeltjie binne in nie.

Hare:

Seuns:

Hare sal te alle tye netjies en kort wees.

Geen "modesnit" en lang kuiwe is aanvaarbaar nie.

Wanneer die hare afgekam word - mag die hare nie oor die ore hang nie.

- mag die kuif nie nader as 'n vingerbreedte vanaf die wenkbroue hang nie.

- mag nie op kop 'n bol / massa wees nie.

Gel of haarsproei of kunsmatige middels in die hare is nie aanvaarbaar nie.

Hare mag geensins gekleur of gebleik word nie.

Meisies:

Langer hare wat die onderkant van die hems kraag raak, moet vasgemaak wees.

Die hare moet natuurlik wees. Geen kleurstowwe/strepies sal toegelaat word nie. Geen kunsmatige haarstyle soos gekroesde hare, bollaas of hare wat deur spuitmiddels of "gel" in posisie gehou word, is aanvaarbaar nie.

Wit, swart of rooi rekkies.

Geen gekleurde knippies/ blommetjies/kopbande ens. in die hare nie.

Hare moet te alle tye uit die oë wees – lang kuiwe is nie aanvaarbaar nie, tensy die kuif ordentlik uit die oë vasgemaak is. Maak een bokstert/vlegsel op jou agterkop vas of twee boksterte/vlegsels aan die kante van jou kop. Geen skuins poniesterte of skuins vlegsels (moderne haarstyle) nie!

Naels:

Naels moet nie oor die vingerpunte steek nie. Geen naellak mag gebruik word nie (vinger- en tonnaels)